Woensdag 10 Junie

Skrifgedeelte: Romeine 6:1-14

Fokusgedeelte: Romeine 6:11 (AFR33/53/AFR83)

Bring dit in berekening dat ons uit genade nie net dood is vir die sonde nie, maar ook lewend vir God

Een van die groot verdraaiings van die evangelie word hier aangespreek. Die vraag is: As jy net uit genade, op grond van die werk van Jesus Christus, geregverdig word, gaan dit nie maak dat jy dit as 'n verskoning gaan sien om nie met jou sonde te wil breek nie?

Ons Skrifgedeelte sê: Dink mooi wat dit beteken om "in Christus" te wees. As jy dit reg verstaan, sal jy nie verdraaide afleidings van die evangelie maak nie. Jy sal nie dink dat jy moet aanhou sonde doen sodat die genade kan toeneem nie.

In vers 11 kry ons waarskynlik die eerste opdrag in die Romeinebrief. Die opdrag is: *"So moet julle ook reken / julle moet dus altyd onthou dat ook julle vir die sonde dood is maar vir God lewe, omdat julle een is met Christus Jesus."* Ons sou die woord wat met "reken" of "onthou" vertaal is, ook kon vertaal met "bring dit in berekening", "of "neem dit in ag", "dink daaraan", "besef dit". As jy deur Jesus verlos is, is jy in beginsel vir die sonde dood en lewe jy vir God. Onthou dit! Bring dit in berekening!

Wanneer jy met sonde in jou lewe stry, onthou dat jy dood is vir die sonde, maar vir God lewe. Selfs al voel jy nie noodwendig dood vir die sonde nie. Dit wat jy daarvan dink, word nie deur jou gevoel bepaal nie. Dit moet bepaal word deur wat God sê en wat Hy beloof.

Wat 'n kragtige wapen is dit nie in ons stryd dat ons ons gedagtes, ons denke, daaroor kan regkry; dat jy kan besef wie jy in Christus is en meer en meer word wat jy reeds is. As jy daaroor dink soos wat God sê dat dit is, sal jy jou liggaam in diens van God stel as werktuig om te doen wat Hy wil.

*Sing: Psalm 71-1:1, 2, 9*

*Ds. ASA (Stefaans) de Bruyn (Wilropark)*